JustTransitions

FEITEBLAD VIER 04

Impakte van klimaatsverandering op Suid-Afrikaanse landbou en op die voedselstelsel

Inleiding

Landbou in Suid-Afrika is baie kwesbaar vir klimaatsverandering. Dit dra ook by tot klimaatsverandering deur emissies. Landbou kan egter ook bydra tot die oplossings. Dit kan 'n absorbeerder word as agro-ekologiese praktyke gebruik word.

Impakte wat in hierdie feiteblad weergegee word, is vooruitskattings vir die hele land, maar die impakte wat gevoel sal word, sal verskil na gelang van die presiese ligging en of dit groot- of kleinskaalboere is, van die gewasse wat verbou of vee wat geproduseer word, of besproeiing gebruik word of nie en of daar in produktiewe of randstandige gebiede geboer word. Deelnemende ontleding en aksie op 'n plaaslike vlak is dus noodsaaklik.

Verwagtings vir **Suid-Afrika** wat **klimaatsverandering** betref

Wanneer alle faktore in ag geneem word, is die kusgebiede en die binneland met die oostelike grens van Mpumalanga en Limpopo langs die kwesbaarste vir klimaatsverandering. Binnelandse gebiede, veral die Hoëveld, sal na verwagting minder kwesbaar wees (Figuur 1).

Toestande in die weste en noorde sal oor die algemeen droër wees, en effens natter in die ooste. Die gehalte en beskikbaarheid van water sal afneem. Reënval van een jaar tot die volgende sal al hoe meer wisselvallig raak.

Figuur 1: Saamgestelde kaart van kwesbaarheid vir Suid-Afrika



Bron: ArcGIS[1]

1. https://gisportal.saeon.ac.za/portal/apps/webappviewer/index.html?id=2d572dcf9c5f47c484540f8c934e03f4

Dit sal warmer word, teen 'n koers dubbeld dié van die wêreldgemiddeld. Temperature oor die volgende 40 jaar sal met tot 3.5°C styg.

Daar sal 'n toename in uiterste weersgebeurtenissse, soos hittegolwe, droogtes en oorstromings, wees.

Nadelige omgewingsimpakte sluit gronderosie, ontbossing, herhaalde droogtes, woestynvorming, agteruitgang van grond en die verlies van biodiversiteit in.

Veeproduksie sal te staan kom voor verergerde bosindringing en uitheemse indringerspesies in weiveld, nuwe plae en patogene en hittestres, asook 'n groter waterbehoefte vir veesuiping.

Die agteruitgang van grasvelde is 'n groot punt tot kommer, omdat grasvelde belangrike ekonomiese en nie-ekonomiese funksies vervul.

- Ekonomies – weiding vir diere, vleis, brandhout, medisinale plante en dekgras.
- Nie-ekonomies – kultuur- en geestelike erfenis, toerisme en ontspanning.

Grasvelde is ook baie belangrik vir die omgewing. Saam met bosse is dit die grootste koolstofabsorbeerder in die land. Albei biome is ook baie hoog in biodiversiteit. Graslande lewer ook belangrike ekosisteemdienste, soos die beskerming van waterskeidings, die stabilisering van grond en die regulering van voedingstofsiklusse. Dit het ook waarde in eie reg, as plekke wat opgepas moet word

Gewasse

Klimaatsverandering sal verskillende gewasse op verskillende maniere beïnvloed. Mielies- en koringopbrengste sal weens stygings in temperatuur en minder beskikbare water onder druk verkeer. Vir baie gewasse, insluitende mielies, koring, soja, sorghum, suikerriet, vrugte, groente en boomplantasies, sal daar verskuiwings in geskikte gebiede vir verbouing wees. Oor die algemeen word verwag dat verbouing meer gekonsentreerd sal word, met kleiner gebiede van verbouing onder besproeiing met hoër opbrengste.

Implikasies

Waterskaarste sal lei tot 'n groter vraag na besproeiing. Die opgaar van water sal belangriker word, veral in gebiede met laer reënval. Damme kan nodig wees, maar dit het negatiewe impakte, insluitende die ontworteling van gemeenskappe, die ontwrigting van watersiklusse en ekosisteme en minder beskikbare water vir diegene wat stroomaf woon.

Dit sal aanpassing van agro-ekologiese praktyke noodsaak, byvoorbeeld die oes en herwinning van water, gewasse wat hitte/droogte kan verdra en kort siklusse het, veranderde bewerkingspraktyke om water in die grond te bewaar en die bewaring van vleilande.

Landelike gemeenskappe kan ontworteling in die gesig staar as die plek van kommersiële landbouproduksie verander, tensy dit behoorlik bestuur word.

Klein- en bestaansboere is die kwesbaarste vir die impak van klimaatsverandering. Danksy meer hulpbronne en inligting, is grootskaal kommersiële boere beter toegerus om hul praktyke aan te pas.

Vroue, kinders en bejaardes loop die grootste risiko.

Plaaswerkers ervaar reeds werkverliese en meer onsekere toestande tydens en ná droogtes.

Impakte op werkers in die waardeketting sal afhang van die sektor waarin hulle is. Werkgeleenthede in kleinhandel sal waarskynlik nie afneem nie, maar werkers in vervaardiging en vervoer kan dalk negatief geraak word in sektore wat krimp.

Uitbreiding van grootskaallandbou, asook boom- en suikerrietplantasies, kan lei tot grondvergrype, 'n verlies aan biodiversiteit en die emissie van kweekhuisgasse as grasvelde of bosse in produksiegebiede omgeskakel word.

Impakte op mense se gesondheid sal waarskynlik negatief wees, met verwagte siektes wat ná oorstromings deur water versprei word, groot gebiede wat deur tropiese siektes, soos malaria, geraak word, hittestres, ook vir plaaswerkers, voedsel- en voedingonsekerheid en die vernietiging van fisiese gesondheidsinfrastruktuur.

Voedselpryse sal styg namate verbruikers die koste van klimaatsonsekerheid en laer produksie dra, en namate ander ryker markte meeding om skaarser kommoditeitsgewasse te koop.

Wat kan gedoen **word?**

Met 'n sake-soos-gewoonlik-reaksie, sal klimaatsverandering in alle opsigte waarskynlik ongelykheid in eienaarskap, produktiewe aktiwiteit en die risiko's waarmee randstandige en kwesbare gemeenskappe en vroue te make het, vererger, maar dit is slegs as antwoorde aan die mark en individuele besluite oorgelaat word.

'n Duidelik omskrywende en regverdige oorgang is nodig om die karakter van die voedselstelsel te verander en om hierdie benadeelde gemeenskappe se belange die middelpunt van intervensies te maak.

Belangrike elemente sluit in:

- om die regte op voedsame en skoon kos en water voorop te stel;
- die spoedige herverdeling van hulpbronne, grond en water inkluis;
- agro-ekologiese praktyke om grond, water en biodiversiteit te bewaar en te herstel terwyl voedsel geproduseer word;
- om aanpasbare vermoëns en veerkragtigheid op alle vlakke te bou;
- die integrasie van landbouproduksie in natuurlike hulpbron- en landskapbestuur en –beplanning wat meer omvattend en deelnemend is en vele rolspelers betrek;
- 'n universele basiese inkomstetoelae en openbare indiensnemingsprogramme om randstandige en kwesbare mense te ondersteun om lewensbestaan te bou en te versterk, en om die omgewing op te pas; en
- teikens om emissies te verminder, veral in die kommersiële voedselstelsel, met bepaalde maatreëls en tydraamwerke hiervoor. Die belangrikste gebiede wat aandag verg, is die veesektor, energie en vervoer in die voedselstelsel, en verandering in grondgebruik (veral die omskakeling van grasvelde en bosse in gebiede van landbouproduksie).